# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 15 OKTOBER 2023

## TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Dankbaarheid***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Eksodus 33:12-23; Psalm 99;**
**1 Tessalonisense 1:1-10; Matteus 22:15-22**

| **SONDAG, 15 OKTOBER** |
|---|
| BIDDAG VIR GESONDHEIDSDIENSTE<br><br>09:00 Oggenddiens – Jeugdiens – Ds Chris Barnardo<br>Deuroffer ten bate van: Hospitaalbearbeiding<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman<br>09:00 Kinderkerk<br>GEEN Kleuterkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 16 OKTOBER** |
| 18:00 Kooroefening<br>19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 17 OKTOBER** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 18 OKTOBER** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie<br>18:00 Wynveiling, Kaapzicht Landgoed |
| **DONDERDAG, 19 OKTOBER** |
| 09:30 Dienssentrum vir Seniors: Mnr Lee – Spar<br>19:00 Uitvoerende kommissie vergadering<br><br>Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh, Ina van Niekerk, Ronel Williams |

| VRYDAG, 20 OKTOBER | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 21 OKTOBER** | |
| 10:00 | Senior Burger Tee in kerksaal |
| **SONDAG, 22 OKTOBER** | |
| | EEN-EN -TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br>PREDIKANTE WAARDERINGSDAG |
| 09:00 | Oggenddiens – Nagmaal<br>Geleentheid vir skoolverlaters<br>Deuroffer ten bate van: Aksie Samaritaan<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kinderkerk |
| 09:00 | Kleuterkerk |
| | • **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeente-inligtingsessie** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Careen Pentz (Othello) het 'n draai in die hospitaal gemaak. Sy sterk aan by haar dogter.
2. Louise Visser (Klaradyn) is tans in die hospitaal.
3. Hendrik Gouws (Van Bruggenstraat) is oorlede.
4. Werner Smit (Kameeldoringstraat) het nie goeie nuus ivm sy gesondheid ontvang nie. Hy ondergaan in die komende week 'n operasie.
5. Sybil Smit (Koopmanskloof) ondergaan die 25ste 'n operasie.
6. Erna Carstens (Swaansingel) is tans in die hospitaal.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Lidmate wat Uit die Beek 2024 bestel het, kan dit by die kerkkantoor kom afhaal. Koste R200.
2. Ds Hannes is van Vrydag 13 Oktober tot Dinsdag 17 Oktober uitstedig.
3. Ons is op soek na helpers by die klank- en Power Point spanne. Kontak die kerkkantoor as jy beskikbaar is. Opleiding sal verskaf word.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



15/10 Pieter Schoeman, Ina Hurter, Michael Albrecht, Jannie Visser (81)
16/10 Liana Hough, George Loots, Sonja van Wyk (80)
17/10 Christa Smit (80), Andriëtte Moolman, Petro Thom(86)
18/10 Suzanne Kruger, Frans de Bod, Adéle Fourie, Neelah Fourie, Karli Schreuder
19/10 Magda Janse van Vuuren, Daniel Ochse, Renita Nieuwoudt
20/10 Reshé Visser, Bernice Burger, Lize Theron
21/10 Dienie du Plooy (80), Cisca Deutschmann, Koekie Pretorius, Gerard Filies, Anneke Engels

# SENIOR BURGER TEE

Saterdag 21 Oktober 2023 om 10:00



Kom geniet ‘n heerlike oggend van lag, gesels en musiek saam met ons.
‘n Ligte middagete sal bedien word.
Toegang is gratis, maar registreer asb by die Kerkkantoor vir jou kaartjie voor 16 Oktober.

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.



Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45 10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

# KERSLIEDERE SAAM MET AMIRA

Kersliedere saam met Amira Willighagen

Sondagoggend 26 November 2023
Tyd: 09:00
Plek: De Eike

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Met die oog op Desembermaand, vakansietyd, vra Die Kosmandjie sommer nou al - dink ook aan hulle wat swaarkry, wanneer jy inkopies doen. Bring gerus enigiets wat hierdie tyd van die jaar sal opvrolik of hou ons spenslysie dop.



Langlewemelk (elke liter help!)        Grondboontjiebotter
Tamaties (in ‘n blikkie! - enige soort)

Jou hulp is betekenisvol en ook ‘n getuienis. DANKIE!

Mandjie-groete

# KLERE EN VERE

Dalk pak jy nou kaste reg op soek na somersklere? Bring asseblief vir ons alles wat jy nie langer kan of wil gebruik nie. Ons help graag om jou kaste netjies te hou! Klere, skoene, linne, komberse, enigiets is welkom.

Ons waardeer die ondersteuning!
Groetnis
2 Vere

# CHRISTELIKE AFHANKLIKHEIDSDIENS



# TIENDEMAANDDANKOFFERINSAMELING

29 Oktober 2023.

Die tema vir ons Tiendemaanddankoffer-insameling vanjaar is:

**EK IS GESEËN OM VIR ANDER TOT SEËN TE WEES.**

Die woorde van Annalise Wiid se lied **Geseën om te seën** vat dit mooi saam. Die woorde verskyn op die briefie in die koeverte.

Indien jy nog nie 'n koevert ontvang het nie, kontak gerus jou blokleier, dienswerker of die kerkkantoor.

# HUIS DE KUILEN

De Eike is verantwoordelik vir die groot koeke en terte, maar enige ander gebak sal ook welkom wees. Indien jy voel om kontant by te dra, is jy welkom om so te maak.
Enige bydrae sal baie waardeer word.
Vir meer besonderhede of indien jy kan help, kontak asb vir
Daphne Jordaan by 082 828 1252.





Hulle is ook op soek na enige SPEELGOED om te gebruik as pryse by die Fees. Laai gerus af by Huis de Kuilen in Skoolstraat – 08:00 tot 16:30

# SKOOLVERLATERS

Die Jeug Kommissie wil graag vanjaar weer tydens die oggenddiens van 22 Oktober 2023 aan al ons matrikulante 'n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die Kerkkantoor teen 17 Oktober 2023, sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

| | | |
|---|---|---|
| Lester Abrahams | Adam Allie-Reid | Christiaan Coetzee |
| Blaise de Reuck | Selinah-Faith Esau | Gemma Filies |
| Johann Groenewald | Alana Jonas | Janeke Kleinhans |
| Leandré Kotze | Rikus Labuschagne | Hanré le Roux |
| Carli Myburgh | Mikeryn Pote | Charl Strydom |
| Rihan Swart | Bianca Vosloo | Louwna Taljaard |
| Rudolf Smuts | | |

# HUIS DE KUILEN – BUITELUG FEES




# NUUS VANUIT DIE FONDE KOMMISSIE

Liewe vriende,
Ek gee graag terugvoer rakende September se syfers (met Augustus se syfers, asook die gemiddeld vir die afgelope 7 maande, vir vergelykingsdoeleindes):

| | **Augustus 2023** | **September 2023** | **Gemiddeld** |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 177 177 | 164 432 | 185 480 |
| Totale inkomste | 277 741 | 228 342 | 317 195 |
| Totale uitgawes | 322 045 | 334 080 | 376 185 |
| **Surplus / (Tekort)** | **(44 304)** | **(105 738)** | **(58 990)** |

Ons inkomste-syfers gedurende September was wesenlik laer as die gemiddeld vir die jaar tot datum, wat die buitengewoon groot maandelikse tekort veroorsaak het.

Wat Oktobermaand betref, verwag ons verhoogde uitgawes omdat die jaarlikse versekeringspremie aan die einde van Oktober betaalbaar is, maar ons sien ook uit na die Wynveiling op 18 Oktober en die Tiendemaanddankoffer-insameling wat op 29 Oktober begin. Kontak gerus jou blokleier of die kerkkantoor indien jy nog nie jou Tiendemaanddankoffer-koevert ontvang het nie.

Groete tot volgende maand
Elmari Schwenke-van der Walt

# KERSGESKENKE VIR
# VGK KOELENHOF KINDERS

Ons wil graag weer vanjaar vir al die kinders in VGK Koelenhof gemeente se Sondagskool ‘n kersgeskenk gee. Baie van hierdie kinders kom uit behoeftige gesinne en sal dit dalk sy/haar enigste geskenk wees.

Daar is kersbome in beide voorportale met kaartjies waarop die kinders se naam, ouderdom en geslag verskyn. Neem gerus ‘n kaartjie en maak ‘n kinderhartjie baie bly. Die waarde van die geskenke moet asb nie R150.00 oorskry nie. Geskenke moet teen 17 November 2023 by die kerk wees.

# AKSIE SAMARITAAN

SONDAGSKOOL UITSTAPPIE – 28 OKTOBER 2023
Aksie Samaritaan reël ‘n uitstappie vir 25 Sondagskool kinders na die Two Oceans Akwarium waarna hulle ook in die see gaan swem. Die kinders het hierdie aksie gekies omdat meeste van hulle nog nooit by die see was nie. Dit kos R500 per kind vir die dag se aktiwiteite.

Aksie Samaritaan neem die vrymoedigheid om te vra vir kontant donasies om hierdie uitstappie vir die minder bevoorregte kinders moontlik te maak. Indien jy eerder iets tasbaar wil gee, die volgende word ook benodig:

- 25 swem handdoeke
- 30 botteltjies 500ml sap
- 30 botteljies 500ml water
- 30 pakkies “chips”
- 30 stafies “breakfast bars” bv Jungle Oats bars

As jy op enige manier kan help, kontak Jakkie by 082 453 3862.
Kontantbydraes kan op De Eike se rekening inbetaal word met verwysing **Aksie Samaritaan**, waarna dit aan hulle oorbetaal sal word.